

# Ponelisgedenklesing

24 Julie 2014

**Spreker: Frank S. Hendricks**

**(Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland)**

## Vooraf

Dames en Here,

Hartlik goeie naand aan u almal.

My dank aan die Universiteit van Stellenbosch, in die besonder aan die personeel van die departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch vir die groot voorreg om hierdie gedenklesing te kan lewer. Issie en Karlien, ek is verheug dat ook julle hier is.

My onderwerp is, soos aangedui, “Met Ponelis op die spoor van Praatafrikaans”. Wees gerus: Praatafrikaans is doodeenvoudig Omgangsafrikaans oftewel Afrikaanse spreektaal – daardie Afrikaans wat in onderskeiding van Standaardafrikaans in informele situasies en in die privaatdomein gepraat word. (Terloops die woord “Praatafrikaans” is wel in die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* opgeteken.)

Ek vertrou dat wat ek te sê het, in u smaak sal val en u sal aanvuur tot nadenke.

My voorbereiding vir hierdie optrede was ’n geleentheid om weer ’n keer te kon stoei met die idees van ’n groot gees van die verlede, soos Van Wyk Louw dit sou stel. Ja, ’n groot gees was Ponelis inderdaad!

My praatjie vind aansluiting by die variasietaalkundige ondersoeke waarmee ek my tans besighou. Ek hanteer die onderwerp vanuit die perspektief van my belewenis van Afrikaans as “Afrikaanssprekende van kleur” - nie omdat ek vanaand taalpolitiek wil bedryf nie, maar omdat Ponelis se taalkundige insette veral ook vanuit hierdie perspektief ’n besondere waarde verkry.

Terloops, ek gebruik die terme “Afrikaanssprekendes van kleur” en “persone van kleur” verderaan plek-plek, al is ek al ten opsigte van laasgenoemde oor die kole gehaal omdat dit glo sterk rym met die term “people of colour” en derhalwe anglisties aandoen. Benaminge soos “gekleurde sprekers” en “Kleurlinge” loop met ’n kiere oor my tong. Bygesê: ook Ponelis het die term “Afrikaanssprekendes van kleur” in sy skryfwerk gebruik (Ponelis 1998b:68) – en met so ’n bondgenoot loop ek ’n bende storm!

Ek praat as een wat bevoorreg was om my doktorsale studie *Prolepsis in Afrikaans* in die negentien-tagtigerjare onder Ponelis se begeleiding te kon voltooi en sodoende te kon ervaar wát dit is om aan die voete van ’n Gamaliël te sit. Ook praat ek as een wat sedert die begin van my professionele loopbaan aan die Universiteit van Wes-Kaapland verantwoordelik is vir die aanbieding van die studiekomponente Sintaksis en Taalstruktuur en as gevolg daarvan op ’n stadium deur my studente agteraf en in die wandelgange “Ponelis” genoem is.

\*

## Met Ponelis op die spoor van Praatafrikaans

**Frank S. Hendricks (Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland)**

### 1. Inleiding

Fritz Ponelis se taalkundeloopbaan het 'n aanvang geneem in die vroeë neëntien-estigerjare met die voltooiing van sy nagraadse studie en sy aanstelling as dosent in Afrikaans en Nederlands aan Unisa en het voortgeduur tot sy heengaan in Desember 2009. Hierdie loopbaan van langer as 40 jaar kan myns insiens in twee fases verdeel word. In die eerste fase, dit is negentien-estiger- en negentien-sewentigerjare, begeef hy hom op die terreine van verskillende dissiplines, maar dis veral ten opsigte van sy publikasies op die terrein van sintaksis dat hy wyd bekendheid verwerf het. Sy eerste werke op die terrein van sintaksis, t.w. sy M.A.-verhandeling *Sintaktiese teorie en die om te-groep in Afrikaans* van 1967, sy boek *Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis* van 1968, sy hoofstuk "Sintaksis" in *Inleiding tot die Taalkunde* van 1968 en sy hoofstuk "Die Afrikaanse sintaksis" in *Afrikaans sy aard en ontwikkeling* van 1972 stut teoreties op die strukturele en generatiewe benaderings tot die studie van taal. Dienooreenkomstig is die aanpak in hierdie werke as essensieel sinchronies (beskrywend) te bestempel en val die fokus op eietydse Afrikaans, in die besonder op die standaardvariëteit van Afrikaans oftewel die taal van die ideale spreker-hoorder.

Ponelis se werk *Afrikaanse Sintaksis* wat in 1979 die lig gesien het, blyk oorwegend veranker te wees in die pragmatiese/kontekstuele oftewel funksionele benadering tot taalstudie waarin daar uitgegaan word van die vervlegtheid van die vorm- en betekenis-sistematiek, kommunikatiewe funksies en gebruikskonteks van taal (Hendricks 1998:101). As uitvloeisel van hierdie teoretiese oriëntasie word data uit veral die standaardvariëteit maar ook uit die omgangsvariëteite van Afrikaans, dus data uit sowel geskrewe Afrikaans as Praatafrikaans, in hierdie werk aangesny en op Ponelis se kenmerkende manier aan indringende analise onderwerp (Gouws en Feinauer 2012:127).

Die periode tussen die vroeë negentien-tagtigerjare en 2009 (sy sterfjaar), d.i. die periode ± 15 jaar voor die demokratiese verkiesing van 1994 en 15 jaar daarna, verteenwoordig die tweede fase ten opsigte van die navorsingsuitsette van Ponelis. In hierdie periode lewer hy, naas enkele uitsette op die terreine van leksikografie (Ponelis 1989b; Gouws et al. 1994) en taalnormering (Van der Merwe en Ponelis 1992), veral werke waarin Afrikaanse variëteite teen die breë agtergrond van die historiese ontwikkeling van Afrikaans belig word én werke op die terrein van die historiese taalkunde waarin die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans in noue vervlegtheid met die variëteitsdifferensiasie van Afrikaans aan bod kom. Die vroeë negentien-tagtigerjare (d.w.s. die begin van die tweede fase) markeer dus 'n wending ten opsigte van die navorsingsuitsette van Fritz Ponelis.

Hierdie latere werke, wat in hierdie lesing in aandagfokus staan, behels onder meer

- sy boek *The development of Afrikaans* van 1993 wat die resultaat was van 'n vroeëre suggestie deur die historiesetaalkundige J. du Plessis Scholtz om sodanige werk aan te pak (Ponelis 1993:v);

- sy werk *Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie* van 1998;
- die boek *Só het Afrikaans na Namibië gekom* (met E.L.P. Stals as mede-outeur) wat in 2001 die lig gesien het;
- hoofstukke in boeke soos sy twee hoofstukke in *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde* van 1989, t.w. hoofstuk 1, getiteld “Die aard en bestudering van die Afrikaanse taal” en hoofstuk 2, getiteld “Nederlands-Afrikaans: die Europese agtergrond van Afrikaans” én sy hoofstuk “Codes in contradiction: The sociolinguistics of ‘Straatpraatjes’” van 1996;
- akademiese referate soos sy referaat “Die oorspronge van Afrikaans”, gelewer by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees in 1999 en die gepubliseerde referate “Standaardafrikaans in oorgang” van 1992/1994 en “Hesseling: ’n eeu later” van 1999; asook
- verskeie joernalistieke bydraes, waaronder “Die taal wat ons praat” wat oor Demotiese Afrikaans handel en wat op 19 Desember 2009, twee dae na sy heengaan, in “By” gepubliseer is.

In hierdie werke hou Ponelis Afrikaans voor as ’n taal gekenmerk deur o.m. dialektiese en stylvlakvariasie. Dit val op dat hy nie slegs op die aard en totstandkoming van Standaardafrikaans fokus nie, maar ook prominensie gee aan praat-/omgangstaal en heelwat ruimte afstaan aan ’n toeligting van die rol van persone van kleur in die historiese ontwikkeling van Afrikaans en aan variëteitsonderskeidinge wat met hulle in verband staan.

Uit sy kensketsing van die historiese ontwikkeling van Afrikaans kan die volgende vyf fases onderskei word:

- ’n wordingsfase waartydens 17de-eeuse Nederlands aan die Kaap grondig deur taalkontak tot Afrikaans-Hollands omvorm is;
- ’n 18de-eeuse regionaliseringsfase waartydens Afrikaans gedifferensieer het in drie dialekte, t.w. Suidwestelike, Noordwestelike en Oostelike Afrikaans;
- die impaktering van Engelse invloed op die Afrikaanse omgangstaal sedert die vroeë 19de eeu as derde fase;
- die 19de-eeuse totstandkoming van verskriftelikingstradisies en die standaardisering van Afrikaans sedert die begin van die 20ste eeu (deur die benutting van Oostelike Afrikaans as standaardiseringsbasis) as vierde fase;
- Die twintigste-eeuse differensiasie van Afrikaans as vyfde fase waaronder die ontstaan in die neëntien-dertigerjare van die variëteit Flaaitaal in die noordelike stedelike woongebiede.

(Kyk o.m. Ponelis 1994; Ponelis 1998b:3)

In Ponelis se inkleding van hierdie fases word die belangrikheid van omgangstaal/praattaal onderstreep. Hy konstateer onder meer dat Afrikaans nie uit “die deftige, gekultiveerde geskrewe Nederlands van die 17de eeu” ontwikkel het nie, maar wel uit “die 17de-eeuse Hollandse omgangstaal”, meer spesifiek die 17de-eeuse Hollandse variëteit uit die omgewing van Amsterdam (Ponelis 1999b:2) én dat Afrikaans tot aan die einde van die 19de eeu ’n vernekulêr oftewel omgangstaal was en eers sedert die begin van die 20ste eeu aan standaardisering onderwerp is (Ponelis 1993:xvii; Ponelis 1994:109; Ponelis 1998b:47).

Dit bring my by die spesifieke oogmerke van hierdie gedenklesing. My hoofdoel is om, in aansluiting by die referaattitel, in die eerste plek die soeklig te laat val op

Ponelis se opvatting oor Omgangsafrikaans/Praatafrikaans en die wyse waarop hy die variëteitsdifferensiasie van Omgangsafrikaans en die kontekstuele aspekte daaromtrent verreken. In die tweede plek wil ek besin oor die mate waarin Ponelis se opvatting oor en hantering van Omgangsafrikaans vorentoe benut kan as rigsnoer vir die Afrikaanse taalkunde en vir moontlike aanpassings insake Standaardafrikaans.

Ek ag dit egter nodig om as 'n aanloop hiertoe eers klaarheid te kry oor twee ander tersaaklike aspekte. Eerstens wil ek lig werp op die teoretiese begroning van Ponelis se tematiese fokusse, d.w.s. aandui oor hoe sy toespitsing sedert die vroeë neëntientagtigerjare op die variëteitsdifferensiasie en ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans binne die raamwerk van 'n bepaalde taalkundemodel gefundeer is. Tweedens wil ek bespiegel oor waarom Ponelis in die laaste fase van sy navorsingsloopbaan juis op die ontwikkelingsgeskiedenis en variëteitsverskeidenheid van Afrikaans gefokus het en in die proses ook gewag gemaak het van die bydraes van persone van kleur en die spreekodes wat met hulle in verband staan.

## 2. Ponelis se teoretiese fundering van die variëteitsverskeidenheid en die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans as ondersoektemas

Soos te verwagte, sou Ponelis nie ateoreties te werk gaan nie. Die wesensaard van die Afrikaanse Taalkunde (dus ook van die Afrikaanse historiese taalkunde) het Ponelis uiteengesit in die oriënteringshoofstuk (hoofstuk 1) van die tweede, hersiene uitgawe van *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde* wat in 1989 verskyn het (Ponelis 1989a) en wat jare lank as 'n sleutelwerk aan verskillende Suid-Afrikaanse universiteite benut sou word.

Volgens hierdie uiteensetting deur Ponelis geskied die taalkundige studie van Afrikaans “binne die perspektief van die taalkunde as wetenskap” en is dit nie slegs gerig (of behoort dit nie slegs gerig te wees) op die geleding (d.i. die klankvorm, betekenis, leksikon en grammatika) en klassifikasie van Afrikaans nie, maar, samehangend daarmee, ook op die konteks én ontwikkeling van Afrikaans (Ponelis 1989a:9). Die begrip “konteks” slaan volgens hom op die sosiale en ruimtelike verband waarbinne die taal gebruik word oftewel die sosiale en ruimtelike faktore wat te doen het met die dialektiese of variëteitsdifferensiasie van Afrikaans. Die studie van die ontwikkeling van Afrikaans behels volgens hom 'n fokus op aspekte van taalverandering, ten opsigte waarvan hy onderskei tussen, wat hy noem, **taalverandering van binne** (d.i. spontane taalverandering); twee vorme van **taalverandering van buite**, t.w. taalbeïnvloeding (ontlening) en versteuring; **taalverandering van onder** wat slaan op die verdringing van bestaande taalvorme deurdat innovasies vanaf die omgangstaal deurwerk na die formele taalgebruiksfeer; en **taalverandering van bo** wat enersyds betrekking het op die implementering van kultiveringsprosesse soos gebruiksuitbreiding (waaronder verskrifteliking) en andersyds op vorme van standaardisering soos veralgemening, stigmasering en verdefting. (Kyk Ponelis 1989a:10-13).

Die variëteitsonderskeidings en die historiese gang van Afrikaans as prominente navorsingstemas in die laaste fase van Ponelis se loopbaan staan dus logies in verband met die studie van onderskeidelik die **konteks** en **ontwikkeling** van taal as kardinale aspekte van 'n taalkunde-model wat hyself uiteengesit het. Hierdie model wat

weselik Ponelis se hele taalkunde-oeuvre ten grondslag lê, is derhalwe met reg te bestempel as die Ponelis-raamwerk vir die beoefening van die Afrikaanse taalkunde.

In die boek *The development of Afrikaans* wat deur Gouws en Feinauer (2012:127) as Ponelis se magnum opus bestempel word, is daar, soos in Ponelis se vroeëre werk *Afrikaanse Sintaksis*, sprake van 'n verbandlegging tussen vorm, funksie en konteks, maar ook van 'n perspektiefverruiming deurdat aspekte van taalontwikkeling groter prominensie verkry. Die manifestasie van fonologiese, leksikale en grammatiese verskynsels word in hierdie werk sinchronies-diachronies betrag met groter klem op die diachroniese.

### **3. Die moontlike motiewe vir Ponelis se fokusverskuiwing na navorsing oor die ontwikkelingsgeskiedenis en variëteitsverskeidenheid van Afrikaans**

Ponelis se klemverskuiwing in die laaste fase van sy akademiese loopbaan na navorsing oor die ontwikkelingsgeskiedenis en variëteitsverskeidenheid van Afrikaans blyk in die eerste plek saam te hang met sy oortuiging dat die bydraes van alle rolspelers in die historiese verloop van Afrikaans, en derhalwe die Nederlands-Germaanse sowel as die nie-Germaanse dimensies van Afrikaans, belig behoort te word:

“By die bestudering van die plek van Afrikaans binne die Germaanse taalfamilie moet een saak baie goed voor oë gehou word: hoe belangrik die genealogie van Afrikaans (of enige taal) ook al is, dit is maar een van die vrae wat oor die geskiedenis van Afrikaans beantwoord moet word. 'n Ander besonder belangrike vraag raak die uitwerking van taalkontak op Afrikaans en sy voorlopers, onder andere die invloed van Latyn en Frans in Europa *en van Portugees, Maleis en Khoekoens hier te lande.*” (Ponelis 1989b: 51; my kursivering)

In die tweede plek staan gemelde fokusverskuiwinge oënskynlik ook in verband met Ponelis se intensie om 'n korrekatief te bring op opvattinge waarmee hy nie akkoord gegaan het nie – dus om mites te weerlê, om sake reg te stel.

Sy betreding van die terrein van die Afrikaanse historiese taalkunde in die negentigtigerjare kan as anachronisties oftewel histories uit pas beskou word, en wel omdat die bloeiperiode van Afrikaanse historiese taalkunde toe al verstreke was. Dat hy op daardie stadium die skuif ten gunste van die historiese taalkunde gemaak het, blyk aanduidend te wees van sy verset teen, wat hy bestempel as, die ideologiese mitologisering van die Afrikaanse taalgeskiedenis wat die negering van die bydraes van persone van kleur tot gevolg gehad het:

“Afrikanergeskiedenis is gemitologiseer (...) Ook die taalgeskiedenis is gemitologiseer: Afrikaans is tot witmanstaal en Boeretaal gemaak, en die Nederlandse en Germaanse verlede van die taal is oorbeklemtoon; gevolglik is die bydrae van 'n baie groot deel van die taalgemeenskap tot die vorming van die taal genegeer.” (Ponelis 1998b:20)

Ponelis se rekonstruksie van die geskiedenis van die Afrikaanse taal, soos dié van onder meer Christo van Rensburg (Van Rensburg 1989, 1997) en Theo du Plessis (1986), behels derhalwe 'n korrekatief op die blanksentriese relasie van sommige vroeëre taalkundiges waarin persone van kleur se bydraes tot die aard en ontwikkeling

van Afrikaans onderbeklemtoon of onder die mat ingevee word. Dat Ponelis met hierdie korrektief geïdentifiseer het, blyk ook uit die volgende stelling in sy 1986-resensie van L.T. du Plessis se monografie *Afrikaans in beweging*:

“Dit is onvermydelik dat die Afrikaanse taalgemeenskap sy geskiedenis in die jaar 1986 anders sal sien as ’n generasie of twee, drie gelede (...) Du Plessis het (...) in sy interessante studie aangetoon *hoe die perspektief op ons taalgeskiedenis aan die verskuif is.*” (Ponelis 1986:9; my kursivering)

In sy rekonstruksie van die ontwikkelingsgang van Afrikaans distansieer Ponelis hom van vroeëre taalkundiges soos Bosman (1916, 1923), Boshoff (1921) en Van der Merwe (1972) wat voorstanders was van die teorie dat Afrikaans ’n spontane voorsetting van Nederlands sou wees. Deur die bydraes van persone van kleur as onbeduidend af te maak, maak diesulkes hulle, volgens Ponelis, skuldig aan pogings “om Afrikaans letterlik te wil wit verf” (Ponelis 1999b:7) oftewel aan “die Afrikanernasionalistiese witwassery van Afrikaans” (Ponelis 1999a:11). Eerder skaar Ponelis hom soos onder meer Valkhoff (1966, 1972) by die kreolis D.C. Hesseling wat in sy besinning oor die ontstaan van Afrikaans die ingrypende en snelle verandering van 17de-eeuse Nederlands tot Afrikaans toegeskryf het aan die impak van Maleis en Laag-Portugees wat deur die slawe aan die Kaap as voertale gebruik is (Ponelis 1999a).

’n Gedokumenteerde uitspraak soos die volgende, veral ook die ongewenste etikettering van Afrikaanssprekendes van kleur daarin vervat, moes Ponelis seer sekerlik as verfoeilik aangeslaan het:

“Die slotsom is duidelik: geen Nieblankes as groep of as individu het Nederlands sodanig beïnvloed dat dit verander het tot Afrikaans nie. Wat ook al alles toegedig kan word aan ons sogenaamde kleurvooroordele, is een ding baie duidelik: ons konsekwente ontkenning van Nieblanke-invloed insake Afrikaans berus op wetenskaplike feite en nie op kleurgevoel nie.” (Van der Merwe 1972:29)

In aansluiting hierby wil Ponelis se aksentuering van/oopgesteldheid vir die variëteitsdifferensiasie van Afrikaans ook ’n korrektief bring op die vroeëre voorhou van Afrikaans as taal sonder variasie – iets wat volgens Hans du Plessis (Du Plessis 2001:70) se verduideliking eweneens met Afrikanernasionalisme, spesifiek met die mitologisering van Afrikaans as voertuig van ’n wit nasionalisme, in verband te bring is:

“Die stryd om Afrikaans as kultuurtaal te vestig (is) teen die einde van die negentiende eeu reeds aan die gang en die opkoms van Afrikanernasionalisme dwing die taaldenkers in die rigting van die denke oor Afrikaans as taal sonder variasie, waarskynlik as teenargument vir die opvatting dat Afrikaans niks meer is as patois en kombuistaal nie. In die eerste helfte van die twintigste eeu dwing die politieke ideologie van apartheid die taalbeskrywing daartoe dat Afrikaans gelykgestel word aan Standaardafrikaans. Die verskeidenheid wat Afrikaans reeds sedert sy ontstaansdae vertoon, word dus om sosio-politieke redes uit die wetenskaplike beskouing van Afrikaans gedefinieer, sodat Afrikaans as voertuig van ’n wit nasionalisme gemitologiseer word.”

Ooreenkomstig hierdie twee korrektiewe vestig Ponelis die aandag op hoe persone van kleur in die verskillende ontwikkelingsfases van Afrikaans as betekenisvolle rolspelers gefigureer het. Hy toon onder meer aan:

- dat tydens die wordingsfase van Afrikaans veral die invloed van Maleis en Laag-Portugees as dominante verkeerstale van die slawe die omvorming van Hollands tot Afrikaans-Hollands in die hand gewerk het, en wel deur die werking van taalbeïnvloeding (ontlening) en taalversteuring (Ponelis 1987:5-7; 1989a:11; 1999b) en
- dat t.o.v. die regionaliseringsfase van Afrikaans Maleis- en Laag-Portugeessprekende slawe 'n sterk invloed gehad het op die vorming en verspreiding van Suidwestelike Afrikaans (Ponelis 1996:130), terwyl 'n sterk Khoi-invoed die vorming en verspreiding van Noordwestelike Afrikaans onderlê (Ponelis 1998b:14).

Aansluitend hierby bestempel Ponelis die Arabies-Afrikaanse skryftradisie wat in die eerste helfte van die 19de eeu in die Kaapse Moesliemskole ontstaan het en volgehou is tot die neëntien-vyftigerjare as “'n kultiveringsdaad van formaat” (Ponelis 1994:110-111) en die ontstaan in die neëntien-dertigerjare van die variëteit Flaaitaal in die noordelike stedelike woongebiede as “'n laaste belangrike ontwikkeling in die Afrikaanse omgangstaal” (Ponelis 1994:109).

Dat Ponelis juis in die uitloop van die apartheidsregime oftewel in die aanloop tot die demokratiese verkiesing van 1994 na die historiese taalkunde en na 'n toespitsing op die heterogeniteit van Afrikaans begin oorbeweeg het én in die proses vorendag gekom het met 'n verrekening van veral ook die rol van persone van kleur in die historiese ontwikkeling van Afrikaans en van variëteitsonderskeidings wat met hulle geassosieer word, blyk derhalwe geen toevalligheid te wees nie.

#### **4. Ponelis se hantering van en opvatting oor Omgangsafrikaans**

Verskeie aspekte insake Omgangsafrikaans is uit die werke van Ponelis te abstraher. Hierdie aspekte word vervolgens puntsgewys aangeroer (4.1-4.5).

##### **4.1 Ponelis se subkategorisering van Omgangsafrikaans**

Ponelis se skryfwerk bring mens onder die besef van die diversiteit van Praatafrikaans. Naas sy aanroer van Standaardafrikaans en verskillende skryftaalvariëteite identifiseer hy verskillende vorme van Omgangsafrikaans. Vanuit die perspektief van Afrikaanssprekendes van kleur kan hierdie tipes praatvorme in twee hoofkategorieë verdeel word, nl. omgangsvariëteite wat histories-kontemporêr veral met persone van kleur in verband staan en omgangsvariëteite wat Afrikaanssprekendes van kleur in 'n mindere of meerdere mate met wit sprekers in gemeen het.

Omgangsvariëteite wat histories-kontemporêr veral met persone van kleur in verband staan, is:

- (a) Die dialek Suidwestelike Afrikaans oftewel Kaapse Afrikaans wat voorkom in die Kaapse Skiereiland, die Boland (Stellenbosch, Wellington, Paarl), die

Overberg, die Swartland, die Sandveld en die westelike Klein-Karoo (Ponelis 1998b:15)

- (b) Die dialek Noordwestelike Afrikaans wat Namakwaland as kerngebied het, verder noordwaarts strek tot in die Richtersveld en die suide van Namibië en ooswaarts langs die Oranjerivier tot in die Suid-Vrystaat, vanwaar dit verbrei het tot in Kokstad in Kwazulu-Natal (Ponelis 1998b:15)
- (c) Pidgin-Afrikaans (Ponelis 1998b:3) en Flaaitaal oftewel Tsotsitaal (Ponelis 1998b:3) as verteenwoordigend van interlektiese Afrikaans oftewel vreemdelinge-Afrikaans.

Die volgende omgangsvariëteite wat Ponelis in sy werke betrek, het wit persone en/of persone van kleur as sprekers:

- (d) Die dialek Oostelike Afrikaans wat versprei is oor die Boesmanland, die Groot Karoo, die Vrystaat, Transvaal (tans Gauteng en omliggende provinsies), Natal (tans Kwazulu-Natal) en Namibië (Ponelis 1998b:15)
- (e) Die wye spektrum van Engelse Afrikaans as vorm van interlektiese Afrikaans (d.i. Afrikaans wat deur Engelssprekendes aangeleer word en waarop talige kenmerke van Engels oorgedra word) (Ponelis 1998b:4)
- (f) Ma-taal, die register wat deur moeders teenoor taalverwerwende kleuters gebruik word (Ponelis 1998b:10)
- (g) Afrikaanse gesinstaal (Ponelis 1998b:5)
- (h) Verskillende vorme van Afrikaanse slang, waaronder:
  - i. Afrikaanse armytaal
  - ii. Afrikaanse bendetaal (skollietaal, Tsotsitaal)
  - iii. Afrikaanse tronkslang
  - iv. Afrikaanse studenteslang
  - v. Afrikaanse skoolslang
- (i) Vernekulêre Afrikaans oftewel Demotiese Afrikaans wat landswyd deur moedertaalsprekers van Afrikaans gepraat word en diep onder Engelse invloed staan (Ponelis 1998b:5; Ponelis 2009).

Betreffende die taalvorm wat tradisioneel met veral die bruin werkersklas van die Kaapse Skiereiland geassosieer word en wyd onder die benaming *Kaaps* bekend is, val twee dinge op:

Eerstens gaan Ponelis oënskynlik nie akkoord met die gebruik van die term *Kaaps* om hierdie taalvorm te benoem nie, want wanneer hy dit wel doen, plaas hy *Kaaps* tussen aanhalingstekens (Ponelis 1998b:15). Eerder gebruik hy ter benoeming hiervan die Afrikaanse tiperinge “Kaapse Vernekulêre Afrikaans” (Ponelis 2009:2), “die variëteite van die Kaapse Vlakte” (Ponelis 1998b:14) en “die subvariëteite van Kaapstad en die Skiereiland” (Ponelis 1998b:15) en die Engelse ekwivalente “Cape Vernacular Afrikaans” (Ponelis 1996:136) en “the vernacular Afrikaans of Cape Town” (Ponelis 1996:131). As sodanig posisioneer hy hierdie Kaapse taalvorm binne Vernekulêre oftewel Demotiese Afrikaans as nasionaal verbreide omgangsvariëteit wat ’n “ontsettend hoë mate van Engelse invloed” as “prominentste struktuurkenmerk” het (Ponelis 2009:2). Sy gebruik van die meervoudsvorme “variëteite” en “subvariëteite” (i.p.v. die enkelvoudsvorme “variëteit” en “subvariëteite”) as komponente in hierdie benaminge sinspeel waarskynlik op die heterogene aard van hierdie taalvorm.



Tweedens hou Ponelis hierdie heterogene Kaapse taalvorm voor as 'n “subdialek” van Suidwestelike Afrikaans naas ander subdialekte soos “Overbergs” en “die spreektaal van die Swartland” (Ponelis 1998b:14) en toon hy aan dat bepaalde taalverskynsels wat tans as tiperend van die Kaapse subdialek beskou word, vroeër ook kenmerkend was van ander gebiede waar Suidwestelike Afrikaans gepraat is maar aldaar metterjare onder druk van die standaardvariëteit in onbruik verval het (Ponelis 1996:131). So gesien, sou die hedendaagse Kaapse taalvorm gesien kon as word as 'n variëteitsonderskeiding waarin die oorspronklike talige karakter van die dialek Suidwestelike Afrikaans grootliks behoue gebly het.

#### 4.2 Ponelis se uitweiding oor die talige aard van omgangsvariëteite

Ponelis werp ook lig op die talige aard van Afrikaanse omgangsvariëteite en meld dat elke onderskeibare dialek en registertipe 'n “eie inhoudelike samestelling” (Ponelis 1998b:3) oftewel 'n eie “harde kern van tipiese verskynsels” (Ponelis 1998b:14) het en na die aard hiervan wissel van “baie heg tot minder heg gestruktureerd” (Ponelis 1998b:3). Deur te steun op gegewens uit diverse variasietaalkundige studies belig hy die intrinsiek-talige kenmerke van onder meer die drie dialekte Suidwestelike, Noordwestelike en Oostelike Afrikaans, die interlektiese variëteite **Pidgin-Afrikaans** en **Flaaitaal** en enkele registertipes.

(a) Die talige kenmerke van **Pidgin-Afrikaans** is volgens Ponelis (Ponelis 1993:61-63; 1998b:3) onder meer die volgende:

- Die redusering van die verskeidenheid sinsvolgordes van Afrikaans tot 'n enkele patroon sodat stelsin-volgorde ook in vraagsinne weerspieël word:  
Stelsinne: Die papier ek sit hom by die sak. / Ek dra hom by die huis.  
Vraagsinne: Jy ken hom? / Die kar jy wil hom hê? / Hy maak so?
- Hervatting van die onderwerp deur 'n voornaamwoord (in navolging van die struktuur van Nguni en Sotho): Hier die paal hy staan. / Gister die reën hy kom. / Die skroef hy draai so. / Die tak hy is swaar.
- Die voorwerp, wat anafories met 'n sinsinterne voornaamwoord verbind is, word voorop geplaas: Die melk jy sit hom by die beker. / Die kar almal wil hom leen. / Hierdie man ek ken hom.

(b) **Flaaitaal** word gekenmerk deur onder meer:

- ontlenings aan Swart tale (Ponelis praat van Bantoetale), waaronder: *bomba* ('trein'), *dlas* ('huis'), *duze* ('naby'), *zwakal* ('hoor, luister')
- vervormings waarvolgens obstruente (oftewel begin- en slot-medeklinkers) deur 'n nasaal (*m* of *n*) vervang word:  
baadjie > *maitjie*, met > moet > *moen*, twaalf > *nwaalf*, vang > *mang*  
(Ponelis 1993:61; Ponelis 1998b:3; Ponelis 2005:27)

(c) Afrikaanse **tronkslang** word gekenmerk deur beeldende vorme soos *draadspring* vir “ontsnap”, *papplaas* vir “rehabilitasiesentrum” en *na katkop en tjips ruik* vir “'n groentjie wees” (Ponelis 1998b:11)

- (d) Beeldings uit **studenteslang** is onder meer *bosmoeder* vir “meisie met ’n vriend in die oorlog/weermag”, *kankerpyl* vir “sigaret”, *koeighries* vir “botter” en *volksmoeder* vir “konserwatiewe meisie” (Ponelis 1998b:11).

Hierdie kensketsing van die talige aard van variëteittipes is implisiet aanduidend daarvan dat Ponelis oortuig moes gewees het dat nie slegs Standaardafrikaans nie maar ook spreektaalvariëteite ondersoekwaardig is en vir indringende linguïstiese analise kwalifiseer.

### 4.3 Ponelis se opvatting insake Omgangsafrikaans.

Ponelis se werke werp lig op sy opvatting insake Omgangsafrikaans.

#### Opvatting (a)

Ponelis het die onderskeie variëteite van Afrikaans bejeën as entiteite wat nie los van mekaar staan nie, maar gesamentlik deel vorm van die groot Afrikaanse geheel. Dienooreenkomstig beskryf hy Afrikaans as “’n familie van ... variëteite” (Ponelis 1999b:1) en as “’n familie van verskillende vorme” (Ponelis 1998b:3). Ook gebruik hy die begrip “die Afrikaanse taalfamilie” (Ponelis 1998b:3) ter verwysing na die Afrikaanse variëteite as kollektief. Hierdie “familie”-metafoor suggereer dat elke omgangsvariëteit van Afrikaans (insluitende die variëteite wat met Afrikaanssprekendes van kleur geassosieer word), soos die standaardvariëteit, vir hom volwaardig, eg Afrikaans is.

Aansluitend hierby is alle sosiale groeperinge wat Afrikaans praat of daarmee identifiseer, onder wie die Kaapse Moesliems, die Rehoboth-Basters, die Riemvasmakers, die Griekwas, die swart Oorlamse en die Afrikaners vir Ponelis volwaardig deel van die Afrikaanse gemeenskap (Ponelis 1998b:18)

Ook het Ponelis ’n hoë premie geplaas op die mense ágter die variëteite. In die voorwoord van Tony Links se werk *So praat ons Namakwalanders* (Links 1989) word Links as outeur deur Ponelis besing omdat hy (Links) die leser enersyds laat kennis maak met “die interessante struktuur en die skeppingskrag” van Kharkamstaal as tipiese vorm van die noordwestelike dialek van Afrikaans en andersyds met “die merkwaardige mense agter die taal van Kharkams”.

#### Opvatting (b)

Ponelis was ’n voorstander van, wat ék tipeer as, ’n gelykevlak-benadering tot taalverskeidenheid (Hendricks 2012a). Dienooreenkomstig het hy Standaardafrikaans en die omgangsvariëteite van Afrikaans beskou as entiteite op dieselfde vlak, dus as prinsipiële gelykwaardige en ewe-geldige kommunikasiekodes:

- “Die Afrikaanse omgangstaal en in die besonder die dialekte is suiwer linguïsties gesien niks minder as die standaardtaal nie, ...” (Ponelis 1998b:4)
- “Dialekte staan naas die standaardtaal en is nie ondergeskik daaraan nie: elkeen het ’n eie funksie” (Ponelis 1998b:13)
- “Geen variëteit van Afrikaans is te beskou as die enigste aanvaarbare of “eintlike” Afrikaans nie. Dit geld vir klassieke Afrikaans (= Standaardafrikaans) in gelyke mate as demotiese Afrikaans” (Ponelis 2009:3; my invoeging)

Ook Ponelis se gebruik van die terme “Omgangsafrikaans” en “omgangstaal” i.p.v. “Niestandaardafrikaans” en “niestandaardtaal” is aanduidend van sy gelykvlakbenadering tot taalverskeidenheid.

### **Opvatting (c)**

Ponelis het die aard van die betrekking tussen Omgangsafrikaans en Standaardafrikaans beredeneer:

- Hy beklemtoon dat Standaardafrikaans uit Omgangsafrikaans ontwikkel het, spesifiek deur die gebruik van die oostelike dialek (tesame met Standaardnederlands) as basis vir standaardisering (Ponelis 1998b:65). Die spreektaalvariëteite van Afrikaans is derhalwe, histories gesien, nie as omvormings van Standaardafrikaans te bestempel nie. Hierdie idee rym met ’n ander idee wat hy aansny, d.i. dat skryftaal uiteraard ontogeneties sekondêr ten opsigte spreektaal is:  
 “Ontogeneties is dit (d.i. die skryftaal) sekondêr aangesien die skryftaal in die geskiedenis van alle tale eers later ontwikkel en aangewend word: alle tale word in hulle geskiedenis eeue lank gepraat voordat hulle op skrif gestel word.” (Ponelis 1998b:6; my invoeging)
- Hy poneer die bestaan van ’n “organiese band” tussen Standaardafrikaans en die omgangsvariëteite van Afrikaans wat inhou dat onder ideale omstandighede Standaardafrikaans voortdurend deur omgangsvariëteite gevoed en verryk word, en derhalwe toeganklik gemaak word, en dat Standaardafrikaans weer op die omgangsvariëteite inspeel. (Ponelis 1994:117). As sodanig word Omgangsafrikaans deur hom voorgedra as iets waarsonder Standaardafrikaans nie kan bestaan nie. Die geskiedenis van Afrikaans toon egter volgens hom dat hierdie verryking gekniehalter word deur ’n toestand van diglossie waarvolgens Omgangsafrikaans toenemend los gesny word van Standaardafrikaans as gevolg van faktore soos die oorkultivering van die standaardvariëteit en die sterk invloed van Engels op die Afrikaanse omgangstaal ((Ponelis 1994:118-122). Hierdie idee van Ponelis dat die standaardvariëteit vanuit die omgangstaal verryk (kan) word, rym met sy nosie “taalverandering van onder” waarvolgens innovasies wat in die informele taalgebruiksfeer ontstaan, tot die standaardvariëteit kan deursyfer (kyk 2). Ooreenkomstig hierdie opvatting is dit dus moontlik vir innovasies wat byvoorbeeld in die vernekulêr van die bruin werkersklas van Kaapstad en omgewing ontstaan, om toegang tot die standaardvariëteit te verkry, al skyn daar histories ’n onwilligheid te wees om dit te sanksioneer.

#### **4.4 Ponelis se uitweiding oor die kontekstuele aspekte insake Omgangsafrikaans**

Ponelis het verskeie kontekstuele aspekte insake Omgangsafrikaans in sy skryfwerk ondervang:

##### **Kontekstuele aspek (a)**

Die dialek Suidwestelike Afrikaans staan sentraal in sy bedinking van die vroeg-twintigste-eeuse standaardisering van Afrikaans en in sy bedinking van die moontlikheid om Standaardafrikaans te herstandaardiseer.

Hy was van mening dat Suidwestelike Afrikaans aan die begin van die twintigste eeu die geskikste kandidaat oftewel “die sterkste konkurrent” was om as basis vir die standaardisering van Afrikaans benut te word, en wel omdat dit die dialek van die herkomsgebied van Afrikaans is én ’n dialek met ’n sterk stedelike kern (Kaapstad en die Boland) en ’n groot aantal sprekers was. Ook spreek hy die mening uit dat indien die Patriotter-beweging aan die einde van die 19de eeu groter stukrag gehad het, sou die suidwestelike dialek die basis van Standaardafrikaans kon gewees het. (Ponelis 1998:64)

Hy (Ponelis 1998b:68) het oorweging geskenk aan die moontlikheid om Standaardafrikaans te omvorm oftewel te herstandaardiseer ten einde die toenemende toestand van diglossie tussen Standaardafrikaans en die Afrikaanse omgangstaal te probeer teenwerk. ’n Moontlike teenvoeter vir hierdie kloof sou volgens hom wees dat die dialektiese basis van Afrikaans verander word deur Standaardafrikaans op grond van byvoorbeeld die suidwestelike (Kaapse) variëteit te herstandaardiseer. Die verkaapsing van die kultuurtaal sou volgens hom die voordeel hê dat die nuwe Standaardafrikaans vir ’n groot aantal gebruikers meer toeganklik gemaak sou word.

### **Kontekstuele aspek (b)**

Ponelis werp lig op die oorsprong van die jarelange tendens om sekere taalverskynsels te stigmatiseer. Hy dui aan dat bepaalde variante van Afrikaans histories gestigmatiseer is/word as ’n konsekwensie van die standaardisering van Afrikaans. Hieronder resorteer veral bepaalde variante van die suidwestelike en noordwestelike dialekte, en wel as uitvloeisel van die keuse van die oostelike dialek as basis vir die standaardisering van Afrikaans, maar ook verskynsels in die oostelike dialek.

Variante van die dialek Suidwestelike Afrikaans wat gestigmatiseer is, omsluit volgens Ponelis onder meer bywoorde op *-s* soos *nogals* en *partykeers* maar veral verskynsels wat aan Maleise invloed toe te skryf is, waaronder die leksikale vorm *baing*; die verhoging van die /e/-vokaal in bv. *wiet*, *iesel* en *sieker*; die verhoging van die /o/-vokaal in bv. *loep*, *boem* en *roek*; die gebruik van *dj* vir *j* in bv. *djy* (vir *jy*); apokopee van die sluitklank in toniese klusters wat bestaan uit ’n resonant plus ’n sluitklank, soos in *geld* > *gel*, *hemp* > *hem*, *lamp* > *lam*, *hand* > *han*, *land* > *lan*.

Gestigmatiseerde verskynsels in die dialek Noordwestelike Afrikaans is volgens Ponelis onder meer genitiewe konstruksies soos *julle se werk* en *hy se perd* asook palatalisasievorme soos *sjelt* (vir *geld*) en *sjeef* (vir *gif*).

Verskynsels in die dialek Oostelike Afrikaans wat volgens Ponelis onder stigmatisering deurgeloop het, is onder meer leksikale vorme soos *kompelment* (vir *kompliment*), *helle* (vir *hulle*), *Pelsie* (vir *Du Plessis*), *ken* (vir *kan*), *têre*, *verêre* en *sôre* (vir *terg*, *vererg*, *sorg*) en *mot* (vir *moet*) asook *R*-verlies in bv. *kaart*, *perd*, *wors*. (Kyk Ponelis 1987:7,10; Ponelis 1989a:13; Ponelis 1989d en Ponelis 1998:64-65.)

Hoewel Ponelis dit in geen bron reguit sê nie, is dit duidelik dat hoofsaaklik verskynsels uit Suidwestelike en Noordwestelike Afrikaans, d.w.s. die twee historiese dialekte wat ten opsigte van hulle ontstaangeskiedenis met persone van kleur in verband staan, gestigmatiseer is en gevolglik nie die standaardtaal gehaal het nie.

### Kontekstuele aspek (c)

Ponelis het die invloed van Engels op die Afrikaanse omgangstaal ernstig opgeneem, dit sistematies ondersoek en hom daarvoor uitgelaat. Hy (Ponelis 1994:122-126) het aangetoon dat die invloed van Engels op die Afrikaanse spreektaal weerspieël word in onder meer die volgende verskynsels:

- Die vorming van 'n Engelse voornaamverdringende roepnaam uit die agternaam van 'n persoon: *Blackie Swart, Pilot Loots, Angel Engelbrecht, Stony Steenkamp*
- Die uitspraak van die finale *-o* as *-ou*: *Christo, kilo, motto*
- Wederkerende voornaamwoorde met *-self*: *jouself bedink* (i.p.v. jou bedink), *haarself afvra* (i.p.v. haar afvra)
- Maatnaamwoorde in die meervoudsvorm: *vyf liters wyn* (i.p.v. vyf liter wyn), *twintig kilo's kunsmis* (i.p.v. twintig kilo kunsmis)
- Uitdrukings met Afrikaanse en Engelse elemente: *'n ander ballgame, 'n spanner in die works gooi, die gap vat, game wees, in 'n flat spin wees.*

Hy bestempel die inwerking/invloed van Engels op die Afrikaanse omgangstaal as massaal (Ponelis 1994:127), as “diepgaande” (Ponelis 1999b:7), as “ingrijpend” (Ponelis 2005:29)/“ingrypend” (Ponelis 2009:3), as gevolg waarvan die Afrikaanse omgangstaal “'n mengeltaal” (Ponelis 1999b:7)/“een mengtaal” (Ponelis 2005:29) geword het. Hierdie sterk Engelse invloed word volgens hom weerspieël in Vernekulêre Afrikaans (Ponelis 1998b:5) oftewel Demotiese Afrikaans (Ponelis 2009) wat hy, soos aangetoon (kyk 4.1), kenskets as 'n landswydverbreide omgangvariëteit met 'n hiperinformele inslag (Ponelis 1998b:5; Ponelis 2009). Hy beskou hierdie intensiewe inwerking van Engels op Afrikaans as 'n regstreekse gevolg van Afrikaanssprekendes se verstrengeling met die Engelse kultuur.

In sy artikel “Standaardafrikaans in oorgang” van 1994 (Ponelis 1994:126) voorspel hy dat Afrikaans al hoe verder met die Engelse kultuur verstrengel sal raak. In 'n latere werk (Ponelis 2005:29) stel hy hierdie verstrengeling as 'n feitlikheid:

“Het tempo van verengelsing onder Afrikaanstaligen is door de sterke maatschappelijke positie van het Engels versneld. Dit kan een aanzienlijk toekomstig verlies aan culturele gebruikers van het Afrikaans met zich meebrengen, (...) Overigens ervaren Afrikaanssprekenden een wêreld die in het Engels al vorm heeft gekregen: nieuwe uitvindingen of ontdekkingen krijgen eerst een Engelse naam, en pas daarna een Afrikaanse. Het gevolg is dat het Afrikaans, vooral de spreektaal, steeds dieper onder de invloed van het Engels komt te staan.”

Die grootskaalse inwerking van Engels op die Afrikaanse omgangstaal het volgens Ponelis ook implikasies vir die standaardvariëteit van Afrikaans:

“Daar kan verwag word dat ook Standaardafrikaans mettertyd onder die druk van Omgangsafrikaans al hoe meer tekens van Engelse invloed sal vertoon.” (Ponelis 1999b:7)

Die sterk Engelse invloed bring volgens hom die “selfstandigheid” van Afrikaans in gedrang:

“Die massale Engelse invloed op Afrikaans het 'n oorweldigende uitwerking op die selfstandigheid van Afrikaans en laat die vraag ontstaan hoe lank dit

nog sin gaan hê om 'n sterk Engelsbeïnvloede Afrikaans naas Engels te behou.” (Ponelis 1994:127)

“Dit (is) hoogs twyfelagtig of 'n variëteit soos demotiese Afrikaans wat so ingrypend deur Engels beïnvloed word, hom op sy eie teen Engels sal kan handhaaf. Die invloed bring demotiese Afrikaans so ná aan Engels dat met die volste reg gevra kan word of dit enige sin sal hê om hierdie variëteit op sy eie naas Engels te probeer hê. Met reg kan geredeneer word dat daar naas Engels in sy suiwer vorm geen bestaansreg sou wees vir 'n Afrikaans wat in sy geheel soos demotiese Afrikaans daar uitsien nie.” (Ponelis 2009:3)

### **Kontekstuele aspek (d)**

Ponelis het ook op die opskrifstelling van Omgangsafrikaans, in die besonder dié van Kaapse Vernekulêre Afrikaans, 'n hoë premie geplaas:

- In 'n lesing gelewer by die *17de Nasionale kongres van die Linguistevereniging van Suider-Afrika* wat in 1981 by die Universiteit van Wes-Kaapland gehou is (Ponelis 1981), werp hy lig op vokale en diftonge in Abu Bakr se Arabies-Afrikaanse geskrif *Bayaan ud-diyn* uit die jaar 1869. Hy fokus onder meer op die ortografiese voorstelling van vokaalverhoging en breking as tipiese uitspraakverskynsels in Kaapse Vernekulêre Afrikaans.
- Hy het lig gewerp op die aanwending van Kaapse Vernekulêre Afrikaans in “Straatpraatjies”, 'n satiriese rubriek in *APO*, nuusblad van die African People's Organization wat aan die begin van twintigste eeu (spesifiek tussen 1909 en 1922) uitgegee is (Ponelis 1996).
- Ook het hy hom vergewis van die literêre neerslag van spreektaalvariëteite en fragmente uit letterkundetekste plek-plek as illustrasie materiaal aangesny. In sy joernalistieke bydrae “Die taal wat ons praat” (Ponelis 2009), byvoorbeeld, het hy fragmente uit die gedigte “Gebed”, “Second Coming II” en “Goema” van onderskeidelik Marius Titus, Adam Small en Loit Sól's ter toeligting van Demotiese Afrikaans geïntegreer.

## **4.5 Ponelis se taalkundige integrasie van Omgangsafrikaans**

In Ponelis se twee sleutelwerke *Afrikaanse Sintaksis* en *The development of Afrikaans* asook in verskeie artikels word aspekte van eietydse en verledetydse omgangstaal in sy linguïstiese beskrywing van taalverskynsels aangesny. In *Afrikaanse Sintaksis* word o.m. die verskynsels voorsetselskeiding (Ponelis 1979:178-179), die gebruik van die voorsetsel *vir* voor die voorwerp (Ponelis 1979:203), die gebruik van die skakelwerkwoord *laat* (Ponelis 1979:243) en die opruiming van Sat-Nuk-volgorde (Ponelis 1979:530-531) pertinent met aspekte van Omgangsafrikaans in verband gebring.

Sy bespreking van verskynsels soos fonologiese prosesse, genitiewe konstruksies, indirekte vokatiwe en ontkenning in sy werk *The development of Afrikaans* word, ooreenkomstig die diachroniese perspektief en die sterk klem op taalontwikkeling, gekenmerk deur die aanroer van veral verledetydse dialektiese en stylvlakdifferensiasie, die impaktering van Maleise, Portugese en Engelse invloed en aspekte van taalverandering soos taalversteuring (kreolisering) en stigmatisering.

In sy artikel “Ontwikkeling van klusters op sluitklanke in Afrikaans” (Ponelis 1989d) meld hy dat apokopee van die sluitklank in toniese klusters wat bestaan uit ’n resonant plus ’n sluitklank, soos in *geld* > *gel*, *hemp* > *hem*, *lamp* > *lam*, *hand* > *han*, *land* > *lan*, *lank* > *lang*, *plank* > *plang*, kenmerkend is van die Kaapse vernekulêr en dat hierdie vorm van sluitklankapokopee in die Kaapse vernekulêr tot Maleise invloed te herlei is, en wel omdat daar in Maleis “’n verbod op (auslautende) konsonantklusters” is. Ook meld Ponelis dat hierdie verskynsel gestigmatiseer is oftewel “dialekties laer gewaardeer” word juis omdat dit ’n “innovasie (is wat) uit interlektiese Maleise Afrikaans-Hollands verbrei het”. (Ponelis 1989d:4)

Hierdie gelyktydige aansny van Standaardafrikaans en Omgangsafrikaans binne een beskrywingsraamwerk is wesenlik ’n inwerkingstelling van Ponelis se opvatting dat Omgangsafrikaans eg Afrikaans is en volwaardig deel van die groot “Afrikaanse familie” is (kyk 5 uitdaging 4).

## **5. Die potensiële invloed van Ponelis se opvatting oor en hantering van Omgangsafrikaans op die Afrikaanse taalkunde en op Standaardafrikaans**

In ’n huldigingswoord rondom die heengaan van Fritz Ponelis voorsien Rufus Gouws (Gouws 2009) dat huidige en toekomstige studente en navorsers op die publikasies van Ponelis sal bly steun en dat dit ’n stimulus vir voortgesette navorsing in die taalkunde sal bly. Hierdie voorspelling van Gouws geld inderdaad ook vir die taalkundige en normatiewe omgaan met Omgangsafrikaans. Ponelis se opvatting oor en sy hantering van Omgangsafrikaans werk bepaalde uitdagings in die hand.

### **Uitdaging (a)**

’n Eerste uitdaging is om die verskillende manifestasievorme van Praatafrikaans voortdurend na te vors. Ons word uitgedaag om werklike Praatafrikaans empiries te verken maar ook te fokus op die letterkundige en joernalistieke refleksie daarvan. My eie variasietaalkundige ondersoeke na die neerslag van taalvariasie in die prosawerk van S.V. Petersen en Elias P. Nel en die oeuvre van Adam Small (Hendricks 2010, 2012b en 2014) staan in die teken hiervan en het my laat besef dat skrywers wat Praatafrikaans outentiek en genuanseerd ondervang, weliswaar as belangrike bondgenote van die variasietaalkundige navorsers, hetsy sosiolinguïst of dialektoloog, na vore tree.

### **Uitdaging (b)**

Ons word uitgedaag om ooreenkomstig Ponelis se erkenning van alle variëteite van Afrikaans as volwaardige, egte Afrikaans nie selektief of neusoptrekkerig te wees t.o.v. die taalkundige ondersoek van Praatafrikaans nie. Daar gaan ’n appèl tot ons uit om die ondersoek van alle vorme van Afrikaans na waarde te skat, insluitende die registers van bendes en dwelmgelbruikers. ’n Onderlangse ondersoek na die aanwending in die poniekoerant *Son* van die leksikale item *tjoef* wat gebruik word as sinoniem vir die dwelmmiddel *tik* (oftewel *kristalmetamfetamien*) asook die leksikale item *tjoefkop* wat gebruik word as sinoniem vir *tikkop* ter aanduiding van ’n tikverslaafde, het my op die spoor gebring van die talige sistematiek daarvan.

*Tjoef* is woordsoortelik óf 'n substantief (soos in i), óf 'n werkwoord (soos in ii), óf 'n predikatiewe adjektief in kombinasie met *ge-* (soos in iii). Morfologies tree *tjoef* op as bepalerkomponent in samestellings (soos in iv).

- (i) Sy is 'n tikkop-prossie wat haar lyf vir *tjoef* verkoop. (Jason, Eldridge. 2014. Son 6/6/2014)
- (ii) Riaan, wat al tien jaar *tjoef*, sê hy dink nie hy het 'n dwelmprobleem nie. (Jason, Eldridge. Son, 18/2/2014)
- (iii) Madenie is al haasmal *getjoeft* en ons gaan nie langer sy malspelery duld nie. (Jason, Eldridge. Son, 20/1/2010)
- (iv) Afrika sê sy leef nou in vrees vir Riaan, wat tot haar rokke gaan verkoop om sy *tjoef*-habit te onderhou. (Jason, Eldridge. Son, 18/2/2014)

*Tjoefkop* en *tikkop* word by geleentheid afgewissel met *tjoef* (soos in v). Morfologies word *tjoefkop* ingespan as bepalerkomponent in samestellings (soos in vi) en sintakties onder meer as genitiewe voorbepaler (soos in vii en viii), kernnaamwoordstuk in 'n komplekse naamwoordstuk (soos in ix), beskrywende kopulapredikaat (soos in x) en setselaanvulling (soos in xi). Ook word *tjoefkop* in (idiomatiese) uitdrukkings aangewend (soos in xii en xiii).

- (v) Maar volgens *die tjoef* dwing geld, 'n slang en die diere op papiergeld hom om sy ouma so te verrinneweer. (Jason, Eldridge. Son, 18/2/2014)
- (vi) *tjoefkop*-ma (Afrika, Basil. 2013. Son, 22/2/2013), *tjoefkop*-klong (Jason, Eldridge. Son, 20/1/2010), *tjoefkop*-kleinseun (Jason, Eldridge. Son, 18/2/2014)
- (vii) *Die tjoefkop* se girlfriend, Candice Julius, beaam Alexander se storie. (Jason, Eldridge. Son, 11/3/2011)
- (viii) Davina Alexander wys waar *die tjoefkop* se baksteen haar getref het. (Jason, Eldridge. Son, 11/3/2011)
- (ix) 'n *Tjoefkop* van Ravensmead het gister 'n groot chaos veroorsaak toe sy gedreig het om haar een jaar oue baba te vermoor. (Afrika, Basil. 2013. Son, 22/2/2013)
- (x) Madenie is 'n *afskuwelike tjoefkop* wat ons uitskel en aanrand. (Jason, Eldridge. Son, 20/1/2010)
- (xi) Ouma raadop met *tjoefkop* (Jason, Eldridge. Son, 18/2/2014)
- (xii) Volgens die ondervoorsitter van die polisieforum in Ravensmead, Dawie van Wyk, is dit nie die eerste keer *dat dié tiener-ma se tjoefkop uithaak* nie. (Afrika, Basil. 2013. Son, 22/2/2013)
- (xiii) Bôllewange is 'n *tjoefkop van die eerste waters*. (Jason, Eldridge. Son, /6/2014)

### **Uitdaging (c)**

Ons staan voor die uitdaging om erns te maak met Ponelis se idee om Standaardafrikaans te hervorm as teenvoeter vir die kloof tussen die huidige standaardvariëteit en die Afrikaanse omgangstaal (kyk 4.4 Kontekstuele aspek a). As eerste stap sal daar klaarheid gekry moet word oor die implikasies van hierdie idee. Dit gaan myns insiens nie daaroor dat die huidige standaardvariëteit laat vaar moet word en dat, as 'n radikale historieseregstellingsaksie, óf Suidwestelike Afrikaans óf Noordwestelike Afrikaans as basis moet dien vir die totstandbring van 'n nuwe standaardvariëteit nie. So 'n rewolusionêre stap hou in elk geval die risiko in dat Afrikaans as geheeltaal sal inplof (Hendricks 2011:113). Waaroor dit hier wel gaan, is



dat die huidige standaardvariëteit uitgebrei of verryk kan word deurdat veral variante en/of innovasies vanuit Suidwestelike Afrikaans óf Noordwestelike Afrikaans, d.i. die twee dialekte wat blykens Ponelis aan die begin van die twintigste eeu as basis vir standaardisering gediskwalifiseer is, vryelik en toenemend toegang tot die standaardvariëteit sal verkry. Indien hierdie moontlikheid sou realiseer, sal dit moontlik wees vir variante uit byvoorbeeld die werkersklasvariëteit Kaapse Vernekulêre Afrikaans om toegang tot die standaardvariëteit te verkry. Hiervoor sal ek my steun gee op voorwaarde dat die verryking evolusionêr sal geskied, d.w.s nie deur lukrake seleksie nie, maar uit hoofde van verbrede gebruik. In hierdie verband twee opmerkings:

- Die geskiedenis van die standaardisering van Afrikaans (meer bepaald die geskiedenis van Afrikaanse Taalkommissie) word gekenmerk deur 'n gewilligheid om die standaardvariëteit te verryk deur ontlenings aan Engels, Suid-Afrikaanse Afrikatale (Sotho, Tswana, Xhosa, Zoeloe) en ander tale van die wêreld (Duits, Frans, Hongaars, Russies, Spaans, Wallies, Japannees) (kyk *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* 2009, hoofstuk 18; Carstens 2003:312-329), maar 'n traagheid om die opname van items uit histories gemarginaliseerde variëteite wat met Afrikaanssprekendes van kleur in verband staan, te sanksioneer. Dis as't ware 'n geval van 'n omarming van die ander, maar 'n miskennis of geringskating van die eie. Die opneem in die 2009-uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* van 'n beduidende aantal "hoofsaaklik geloofs- en kultuurverwante woorde van Maleise en Arabiese herkoms geneem uit die skryftaal van Moslem-Afrikaanssprekendes" is 'n welkome uitsondering op die reël.
- Daar is al dikwels gepraat oor die noodsaak om Afrikaans te demokratiseer sonder dat daar klaarheid is oor wat daaronder verstaan behoort te word. Vir sommiges het die demokratisering van Afrikaans te make met groter erkenning aan dialekte en variante (Van der Rhee 1992:12). Demokratisering van Afrikaans is myns insiens veel meer as bloot die erkenning van byvoorbeeld omgangsvariëteite wat met persone van kleur geassosieer word, as geldige en interessante manifestasies van die Afrikaans. Demokratisering van Afrikaans hou myns insiens in hoofsaak in dat variëteite wat met Afrikaanssprekendes van kleur in verband staan, toenemend as natuurlike voedingsbronne vir Standaardafrikaans benut sal word.

### **Uitdaging (d)**

Ponelis se siening van Afrikaans as "n familie van variëteite" (Ponelis 1999b:1) hou in dat die variëteite van Afrikaans saam-saam, dus as geheelheid, bedink behoort te word. Derhalwe sou daar oorweging geskenk kon word aan die moontlikheid om Standaardafrikaans en die omgangsvariëteite van Afrikaans binne een omvattende taalbeskrywingsraamwerk te betrek en om, op die voetspoor van Ponelis se werke *Afrikaanse Sintaksis* en *The development of Afrikaans*, taalverskynsels te beskryf en te verklaar met inagneming van sinchroniese en diachroniese patrone. Deurdat die taalondersoeker uiteraard bedag behoort te wees op elemente uit vroeëre taalstadia wat vryelik in die eietydse omgangstaal mag voorkom, sou hierdie voorgestelde beskrywingsmetode as *sinchronies-diachronies* oftewel as *panchronies* (Van Rensburg 1983:9) bestempel kon word. Wat na my mening sal kan werk, is, wat Hans du Plessis (1987:2) noem, 'n *polilektiese* grammatika, d.w.s. 'n grammatika waarin die standaardvariëteit saam met soveel omgangsvariëteite as moontlik betrek word. Mens

sou in hierdie verband kon redeneer dat die onderskeie dissiplines van die hoofstroomtaalkunde (aan die een kant) en die variasietaalkunde (aan die ander kant) met mekaar in verband gebring behoort te word, m.a.w. dat variasietaalkundige bevindinge uiteindelik wel in die grammatikabeskrywing van Afrikaans geïntegreer behoort te word. Mens sou kon vra: hoe geldig is 'n beskrywing van Afrikaanse eiename as die sistematiek wat in byname opgesluit is, nie ook aangesny word nie?; hoe genuanseerd is 'n beskrywing van voorbepalende genitiewe konstruksies as daar wel melding gemaak word van genitiewe konstruksies vergestalt as besitlike voornaamwoord (soos in *my* boek) en as leksikale naamwoordstuk + se (*Jan se* boek), maar vorme soos *my se hart* en *hy se hond* uit Noordwestelike Afrikaans verswyg sou word? In sodanige polilektiese grammatika behoort variante uit omgangsvariëteite nie as afwykings van die standaardvariante bestempel te word nie, maar as vorme wat naas die standaardvariant bestaan en in bepaalde kontekste gebruiklik is.

Die realisering van hierdie moontlikheid om die standaardvariëteit en omgangsvariëteite van Afrikaans gesamentlik in die taalkundige beskrywing van Afrikaans te betrek, sal Fritz Ponelis myns insiens inderdaad tot eer strek. Sy werke *Afrikaanse Sintaksis* waarin aspekte van Omgangsafrikaans vryelik aangesny word en *The development of Afrikaans* met sy sterk diachroniese perspektief, is myns insiens as belangrike rigtingaanwysers te bestempel. Voorts behoort die verwerking van hierdie moontlikheid die pluswaarde te hê dat grammatikabeskrywing 'n instrument word in diens van die demarginalisering en destigmatisering van Omgangsafrikaans, veral dié wat met Afrikaanssprekendes van kleur in verband. (Kyk Hendricks 2011:114; 2012a:59-60)

## 6. Ten slotte

Die uiteindelige totstandkoming van 'n panchronies-polilektiese Afrikaanse grammatika wat stut op 'n gelykevlak-benadering tot taalverkeidenheid én die daadwerklike erkenning van die volle spektrum van Afrikaanse omgangsvariëteite as potensiële voedingsbronne vir Standaardafrikaans is mý ideaal, mý droom vir Afrikaans. Ek sien dit kom. Ek reken: ook Ponelis het dit gesien kom. Sy navorsingsfokus in die laaste fase van sy loopbaan as Afrikaanse taalkundige op die variëteitsverskeidenheid en ontwikkeling van Afrikaans staan in die teken hiervan. Ja, dat Ponelis 'n visioenêr was, ly geen twyfel nie. In aansluiting by die opskrif van Dirkie Smith se rubriek “Geestelike waardes” rondom die afsterwe van Russel Botman (Smith 2014) sou mens inderdaad ook van Fritz Ponelis kon sê: Hy (d.i.Fritz Ponelis) het omgee “vir iets wat nog nie is nie”.

Ponelis sal onthou word as 'n Afrikaanse taalkundige wat aan alle manifestasies van die Afrikaanse taal en aan die ganse Afrikaanse taalgemeenskap 'n plek in die son gegun het.

Ek dank u!

## Bronnelys

- Adhikari, Mohammed (red.). 1996. *Straatpraatjes. Language, Politics and Popular Culture in Cape Town, 1909-1922*. Pretoria. Van Schaik.
- Afrika, Basil. 2013. Jaar oue gyselaar veilig uit. Tik-ma dreig met baba se dood. Son, 22/2/2013. <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2013/02/22/KS/2/ksRavensmead.html> (16 Junie 2014 geraadpleeg)
- Boshoff, S.P.E. 1921. *Volk en Taal van Suid-Afrika*. Pretoria/Kaapstad: De Bussy, Dusseaux.

- Bosman, D.B. 1916. *Afrikaans en Maleis-Portugees*. Groningen: Universiteit Groningen.
- Bosman, D.B. 1923. *Oor die ontstaan van Afrikaans*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- Botha, T.J.R. (red.). 1989a. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Tweede, hersiene uitgawe*. Pretoria: Academica.
- Botha, T.J.R. (red.). 1989b. *Leksikografie en leksikologie*. Menlopark: Serva-Uitgewers.
- Carstens, Adelia en Grebe, Heinrich (reds.). 2001. *Taallandskap: Huldigingsbundel vir Christo van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Carstens, W.A.M. 2003. *Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria/Kaapstad: Academica.
- Claassen, G.N. en M.C.J. van Rensburg. 1983. *Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Academica.
- Davey, L. en C. van Rensburg. 1993. Afrikaans sy ondergang in Thlabane. *Tydskrif vir Letterkunde* 31(3):25-40.
- DJS. 2014. Geestelike waardes: Om om te gee vir wat nog nie is nie. *Die Burger*, 5 Julie 2014.
- Du Plessis, Hans. 1987. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Serva.
- Du Plessis, H. 2001. Die ontwikkeling van die Afrikaanse variasietaalkunde. In Carstens en Grebe (reds.) 2001, bl. 69-80.
- Du Plessis, H. en T. du Plessis (reds.). 1987. *Afrikaans en Taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM.
- Du Plessis, T. 1986. *Afrikaans in beweging*. Bloemfontein: Patmos.
- February, V. 1994. *Taal en identiteit: Afrikaans en Nederlands*. Kaapstad: Tafelberg.
- Gouws, R. 2009. Fritz Ponelis (1942-2009). <http://www.stellenboschwriters.com/ponelisyf.html> (23 Julie 2014 geraadpleeg).
- Gouws, R., I Feinauer en F. Ponelis. 1994. *Basiswoordeboek van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- Gouws, R. en I. Feinauer (samestellers). 1998. *Sintaksis op die Voorgrond*. Pretoria: Van Schaik.
- Gouws, R en I Feinauer. 2012. Friedrich Albert Ponelis. Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden, 2010 – 2011, bl. 125-130.
- Hendricks, Frank. 1998. Van-tot-konstruksies as titels: 'n pragmatiese beskouing. In: Gouws en Feinauer (samestellers) 1998, bl. 101-115.
- Hendricks, Frank. 2010. Op die taalspore van S.V. Petersen: 'n blik op sy verrekening van taaldiversiteit. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans (T.N&A)*: 17(2): 21-37.
- Hendricks, Frank. 2011. Hoe gemaak met die ander Afrikaans? *Pomp* 12: 111-114.
- Hendricks, Frank. 2012a. Die potensiele nut van 'n gelykevlak-perspektief op die variëteite van Afrikaans. In: Prah (red.). 2012. CASAS Book Series no. 88: 44-63.
- Hendricks, Frank. 2012b. Om die miskende te laat ken - 'n blik op Adam Small se literêre verrekening van Kaaps. *Tydskrif vir Letterkunde* 49 (1): 95-114.
- Hendricks, Frank. 2014. Die verrekening van taalvariasie in die prosawerk van Elias P. Nel. *LitNet Akademies* 11(2).
- Jason, Eldridge. 2010. Son, 20/1/2010. 'TJOEFKOP MAAK K\*K' OP PARADE. 'Haasmal' ou rammel net in tale. Published/Son/2010/01/20/SS/Texts/ksparade.xml ... <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2010/01/20/KS/10/ksparade.html> (16 Junie 2014 geraadpleeg)
- Jason, Eldridge. 2011. Son, 11/3/2011. 'tik-kop moet die blame kry'. Verdagte het nie 'n rybewys gehad. Path: Published/Son/2011/03/11/SS/Texts/ssmitchellshof.xml ... <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2011/03/11/KS/2/ssmitchellshof.html> (16 Junie 2014 geraadpleeg)
- Jason, Eldridge. 2014. Son, 18/2/2014. ouma raadop met tjoefkop. Ma: Sy mind is heel weggetik. Path: Published/2-13-2014/Son/2014/02/18/Stories/SB/ kstjoefkop\_29\_0\_349142093.xml ... [http://m24arg02.naspers.com/argief/berigte/dieburger/2014/02/18/3/kstjoefkop\\_29\\_0\\_349142093.html](http://m24arg02.naspers.com/argief/berigte/dieburger/2014/02/18/3/kstjoefkop_29_0_349142093.html) (16 Junie 2014 geraadpleeg)
- Jason, Eldridge. 2014. Son, 4/6/2014. 'n Jong konstabel bring nuus tydens die ondervraging. <http://dieson.mobi/news/read/3822/n-jong-konstabel-bring-nuus-tydens-die-ondervraging/category:82> (16 Junie 2014 geraadpleeg)
- Jason, Eldridge. 2014. Son, 6/6/2014. 'Tjoef-prossie' los drie kids by ouma. <http://dieson.mobi/news/read/3912/tjoef-prossie-los-drie-kids-by-ouma> (16 Junie geraadpleeg)
- Links, T.H. 1989. *So praat ons Namakwalanders*. Kaapstad: Tafelberg.
- Ponelis, F. A. 1968: *Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Ponelis, F. A. 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Ponelis, F.A. 1981. Vokale en diftonge by Abu Bakr. In: Sinclair, A.J.L. (red.) 1981, bl. 269-298.
- Ponelis, F.A. 1984. Afrikaans binne meertalige verband. In: Prinsloo en Van Rensburg (reds.) 1984, bl.

- 30-42.
- Ponelis, F.A. 1986. 'Afrikaans in Beweging' is 'n waardevolle monografie. Die perspektief op taal se geskiedenis verskuif. *Die Burger Laaste*, 19 Junie 1986, bl. 9.
- Ponelis, F. A. 1987. Die eenheid van die Afrikaanse Taalgemeenskap. In Du Plessis en Du Plessis (reds.) 1987, bl. 3-15.
- Ponelis, F. A. 1988a. Afrikaans en Taalversteuring. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 28, 119-129.
- Ponelis, F. A. 1988b. Historiese verband van die Afrikaanse diminutiefsvorm. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 28. 1988. pp. 311-326.
- Ponelis, F.A. 1989a. Die aard en die bestudering van die Afrikaanse taal. In: Botha (red.) 1989, bl. 9-37.
- Ponelis, F.A. 1989b. Leksikale elemente. In: Botha 1989b, bl. 48-54.
- Ponelis, F.A. 1989c. Nederlands-Afrikaans: die Europese agtergrond van Afrikaans. In: Botha (red.) 1989, bl. 38-71.
- Ponelis, F.A. 1989d. "Ontwikkeling van klusters op sluitklanke in Afrikaans". *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 7(1): 1-5.
- Ponelis, F. A. 1990. *Historiese klankleer van Afrikaans*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. Annale Universiteit van Stellenbosch 1990/1.
- Ponelis, F. A. 1992. Standaardafrikaans in oorgang. In Webb, V. (Red.) 1992, bl. 69-90.
- Ponelis, F. A. 1993. *The Development of Afrikaans*. Frankfurt: Peter Lang. (Duisburg Papers on Research in Language and Culture, Vol. 18.)
- Ponelis, F. A. 1994. Standaardafrikaans in oorgang. In: February, V. 1994, bl. 106-128.
- Ponelis, F. A. 1995. Die Ontstaan van Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 34, 218-230.
- Ponelis, F. A. 1996. Codes in contradiction. The sociolinguistics of 'Straatpraatjies'. In Adhikari, Mohammed (Red.) 1996, bl. 129-140.
- Ponelis, F.A. 1998a. S.J. du Toit en die kultivering van Afrikaans. In: Van Zyl, D. en F.A. Ponelis. 1998, bl. 23-31.
- Ponelis, F.A. 1998b. *Standaardafrikaans en die Afrikaanse Taalfamilie*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. Annale 98(1):1-80.
- Ponelis, F.A. 1999a. Hesseling: 'n eeu later. *Literator* 20(1): 1-13.  
(<http://literator.org.za/index.php/literator/article/viewFile/441/602>) (25 Mei 2014 geraadpleeg).
- Ponelis, F.A. 1999b. Die oorsprong van Afrikaans.  
[http://www.archive.org/stream/rosettafproject\\_afr\\_detail-6/rosettafproject\\_afr\\_detail-6\\_djvu.txt](http://www.archive.org/stream/rosettafproject_afr_detail-6/rosettafproject_afr_detail-6_djvu.txt)  
(25 Mei 2014 geraadpleeg).
- Ponelis, F.A. 2001. 'n Verkenning van die Hollandse samelewing aan die Kaap. In Carstens en Grebe (reds.) 2001: 112-123.
- Ponelis, F. A. 2002. Caveats and Comments. *Journal of Germanic Linguistics*, 14,95-102.
- Ponelis, F.A. 2005. Nederlands in Afrika: het Afrikaans. In: Van der Sijs. 2005, bl. 15-30.
- Ponelis, F. A. 2009. Die taal wat ons praat, *By*, Saterdag 19/12/2009.
- Prah, Kwesi Kwaa (red.). 2012. *Veelkantiger Afrikaans: Streeksvariëteite in die standaardvorming*. CASAS Book Series no. 88.
- Prinsloo, K.P. & M.C.J. van Rensburg (reds.). 1984. *Afrikaans: Stand, Taak en Toekoms*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery.
- Sinclair, A.J.L. (red.). 1981. *Kongresreferate: 17de Nasionale kongres van die Linguistevereniging van Suid-Afrika*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Taalkommissie (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 2009 (10de omvattende herbewerkte uitgawe). *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. Kaapstad: Pharos.
- Valkhoff, M.F. 1966. *Studies in Portuguese and Creole with special reference to South Africa*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Valkhoff, M.F. 1972. *New light on Afrikaans and "Malayo-Portuguese"*. Leuven: Peeters.
- Van der Merwe, H.J.J.M. 1972. Die ontstaan van Afrikaans. In: Van der Merwe (red.) 1972, bl. 15-66.
- Van der Merwe, H.J.J.M. (red.). 1972. *Afrikaans: sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: Van Schaik.
- Van der Merwe, H.J.J.M. en F.A. Ponelis. 1992. *Die korrekte woord*. Pretoria: Van Schaik.
- Van der Rheede, C.O. 1992. Afrikaans se variëteite verdien erkenning. *Die Burger Laaste*, 17 Januarie 1992, bl. 12.
- Van der Sijs, N. 2005. *Wereldnederlands. Oude en jonge variëteite van het Nederlands*. Den Haag: Sdu Uitgevers.  
([http://depot.knaw.nl/10274/1/2005\\_Sijs,\\_N\\_van\\_der\\_Wereldnederlands\\_\(def\)\\_db.pdf](http://depot.knaw.nl/10274/1/2005_Sijs,_N_van_der_Wereldnederlands_(def)_db.pdf)) (25 Mei 2014 geraadpleeg).
- Van Rensburg, Christo (red.). 1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Rensburg, M.C.J. 1983. Inleiding: die bestudering van taalvariante. In: Claassen en Van Rensburg. 1983, bl. 7-25.

- Van Rensburg, M.C.J. 1989. Soorte Afrikaans. In: Botha, T.J.R. (red.). 1989., bl. 436-467.
- Van Zyl, D. en F.A. Ponelis. 1998. S.J. du Toit, *Di koningin fan Skeba of Salomo syn oue goudfelde in Sambia*. Kaapstad: Africana Uitgewers.  
([http://www.dbnl.org/tekst/toit001koni01\\_01/toit001koni01\\_01\\_0002.php](http://www.dbnl.org/tekst/toit001koni01_01/toit001koni01_01_0002.php)) (25 Mei 2014 geraadpleeg).
- Webb, V.N. (red.). 1992. *Afrikaans ná Apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik.